

Hoofstuk van die dag: Prediker 7

> *Daar is geen mens op aarde regverdig nie, niemand wat net goed doen en nie sondig nie. (vers 20)*

My pa het dikwels, wanneer ons stories by hom aangedra het, gesê: “Wees nie alte regverdig nie.” Ek sien nou dit staan in

vers 16. Ek het nie geweet dit kom uit die Bybel nie, maar ons kinders het die betekenis goed verstaan. Ons moes nie dink ons is noodwendig reg en die ander is verkeerd nie. Niemand, sê die Prediker in vers 20, is altyd reg nie. Paulus haal ook hierdie vers aan in Rom 3:10.
As ’n mens dít goed verstaan, help dit dat jy anders dink oor die wêreld en oor ander mense, en (veral) oor jouself. Jy is nie altyd reg nie. Jy het nie al die wysheid in pag nie. Ander het soms (meestal?) ook ’n punt beet, al is hulle punt anders as joune. Daarvoor moet ons ruimte in ons denke en gemoed maak.
Dit pas ons om beskeie te wees oor onsself en ons gawes en vermoëns, soos Paulus in Rom 12:3 skryf. Gelukkig is ek en jy in dié verband nie op ons eie nie. Dis immers iets wat die Gees van God in ons werk, dan nie? So staan dit tog in Gal 5:23.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026